



is vir homonieme, homograawe en homofone (en poliseme)

Corné Janse van Rensburg

In die vorige twee uitgawes van *PEGboard* het ons gekyk hoe 'n mens se basiese kennis van Frans en Grieks jou kan help om Afrikaanse tekste beter te redigeer. In hierdie uitgawe verskuif die klem bietjie van woordeskat na semantiek of betekenisleer.

Die terme homoniem, homograaf en homofoon (en poliseem) is dikwels verwarrend, maar die onderskeid help 'n mens dikwels om reg te spel en die regte redigeerbesluite te neem.

- **Homonieme** is woorde met dieselfde uitspraak en spelling, maar verskillende betekenis, bv. *bank* (finansiële instelling) teenoor *bank* (sitplek).
- **Homofone** (of fonetiese homonieme) is woorde met dieselfde uitspraak, maar verskillende spelling en betekenis, bv. *vee* (beeste en skape) teenoor *fee* (sprokiesfiguur).
- **Homograawe** (of ortografiese homonieme) is woorde met verskillende uitspraak en dieselfde spelling, maar verskillende betekenis, bv. *ónderwerp* (tema) teenoor *onderwérp* (laat ondergaan).
- **Poliseme** is woorde met dieselfde uitspraak en spelling, maar verskillende, verwante betekenis, bv. *bank* (finansiële instelling: "Ek het geld geleen by die bank") teenoor *bank* (gebou: "Ek het my motor voor die bank parkeer").

Die begrippe homoniem, homofoon, homograaf en poliseem word vervolgens toegelig met 'n kort definisie, 'n etimologie en enkele voorbeelde. (Die meeste voorbeelde wat hier onder gegee word, is ontleen aan die bronne wat aan die einde van die rubriek gelys word.) Ten slotte word die ooreenkomste en verskille tussen homonieme, homofone, homograawe en poliseme in tabelvorm opgesom.

Wat is 'n homoniem?

- 'n Homoniem is 'n woord wat dieselfde klankvorm en spelling as 'n ander woord het, maar met 'n heeltemal ander betekenis en oorsprong, bv. *vertrek* (kamer) en *vertrek* (weggaan). Die verskynsel word homonimie genoem.
- Die woord homoniem kom van die Griekse b.nw. *ὁμώνυμος* (homonumos) wat "met dieselfde naam, gelyknamig" beteken. Dit is 'n samestelling van die b.nw. *ὁμός* (homos), wat "gemeenskaplik, dieselfde" beteken, en die s.nw. *ὄνομα* (onoma), wat "naam" beteken. Dit verwys dus na twee verskillende konsepte wat "dieselfde naam" of skrifvorm het. Let daarop dat die "h" van "homoniem" die getranskribeerde hardeasemteugteken (*spiritus asper*) bo die omikron (ὀ) van *ὁμός* verteenwoordig.

Voorbeelde van homonieme

- *as*: oorblyfsels ná 'n brand; onderdeel van 'n motor; indien
- *by*: insek wat heuning maak; in die nabyheid
- *deur*: ingang in 'n muur; voorsetsel
- *eg*: nie vals nie; plaaswerktuig; huwelik

- *geld*: betaalmiddel; van toepassing wees
- *graaf*: tuinwerktuig; edelman
- *hoop*: bondel; iets waarvoor jy wens
- *kan*: in staat wees; houër
- *kant*: uiterste rand; fyn versiering vir kledingstukke
- *kap*: wat jy met hout kan doen; deksel oor die masjien van 'n motor
- *leer*: gelooide dierehuid; opklimapparaat; geheel van teorieë, reëls, oortuigings, ens.
- *lewer*: orgaan in die liggaam; verskaf
- *toon*: aan 'n voet; geluid; wys
- *vas*: nie los nie; sonder kos bly
- *wei*: waterige vloeistof; gras ens. eet

Homonieme kan dus aan dieselfde woordsoortkategorie behoort of verskillende woordsoorte wees.

arm as s.nw., b.nw. en bw.:

- Hy het sy arm gestamp.
- Suid-Afrika is nie 'n arm land nie.
- Die ryk man is arm gebore.

boom as s.nw.:

- Die boom in die tuin is 'n eik.
- Ek kry nie die pot se boom skoon nie.

vertrek as s.nw. en ww.:

- Die vertrek is keurig gemeubileer.
- Hy het haastig vertrek.

Sommige homonieme wat selfstandige naamwoorde is, is homonieme in hul enkelvoudsvorme, maar nie in hul meervoudsvorme nie. Die betekenisverskil blyk duidelik uit die verskillende meervoudsvorme.

bal

- *balle* (waarmee gespeel word)
- *bals* (dansparty gas)
- *gasse* (soos suurstof)
- *gaste* (uitgenooide mense) >

gas

- *gasse* (soos suurstof)
- *gaste* (uitgenooide mense)

kus

- *kuste* (seekuste)
- *kusse* (soene)

letter

- *letters* (van alfabet)
- *lettere* (geesteswetenskappe)

Sommige homonieme, ook bekend as kapitonieme, het dieselfde spelling, maar verskillende betekenis as die woord met 'n hoofletter gespel word.

- *Jood* (iemand wat Judaïsme aanhang) en *jood* (jodium)
- *Kruik* (historiese akroniem vir die Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste) en *kruik* (houer)
- *Pool* ('n burger van die land Pole) en *pool* (óf die noordelike óf die suidelike punt van die aarde)
- *Rus* ('n burger van Rusland) en *rus* (toestand van ontspanning)

Wat is 'n homofoon?

'n Homofoon (fonetiese homoniem) is 'n woord wat dieselfde klankvorm as 'n ander woord het, maar anders gespel word en 'n ander betekenis en oorsprong het, bv. *fier* en *vier*, *reis* en *rys*, *vlei* en *vly*. Homofone word ook heterograwe genoem en die verskynsel word homofonie genoem.

Die woord homofoon is 'n samestelling van die Griekse b.n.w. *ὁμός* (homos), wat “gemeenskaplik, dieselfde” beteken, en die s.n.w. *φωνή* (fonê), wat “stem, uitspraak” beteken. Dit verwys dus na twee verskillende konsepte wat 'n klankvorm deel.

Voorbeelde van homofone

- *faal* (misluk), *vaal* (kleur)
- *feil* (fout), *veil* (ter beskikking; jou lewe veil hê vir iets), *vyl* (gereedskap)
- *fier* (trots, regop), *vier* (tussen drie en vyf)
- *frank* (geldeenheid), *vransk* (smaak)
- *luid* (harde klank), *luit* (snaarinstrument)
- *mied* (hoop strooi), *miet* (inseklerwes)
- *wei* (gras vreet), *wy* (inseën, toewy)

Woorde wat dieselfde klink as gevolg van niestandaarduitspraak, bv. vanweë ontronding (“seun” wat as “seën” uitgespreek word), is nie homofone nie.

Wat is 'n homograaf?

'n Homograaf (ortografiese homoniem) is 'n woord wat dieselfde as 'n ander woord gespel word, maar wat 'n ander uitspraak, betekenis en oorsprong het, bv. *gans* (soort pluimvee) en *gans* (heeltemal). Homograwe word soms ook heteronieme genoem en die verskynsel word heteronimie genoem.

Die woord homograaf is 'n samestelling van die Griekse b.n.w. *ὁμός* (homos), wat “gemeenskaplik, dieselfde” beteken, en die w.w. *γράφω* (grafo), wat “skryf” beteken. Dit verwys dus na twee woorde wat op dieselfde manier geskryf word.

Voorbeelde van homograwe

- *gans* (soort pluimvee), *gans* (heeltemal)
- *gesel* (maat, metgesel), *gesel* (slaanding)

- *kartel* (groep ondernemings), *kartel* (krul)
- *kopie* (afskrif), *kopie* ('n aankoop, transaksie)
- *onderwerp* (ondergeskik maak), *onderwerp* (subjek)
- *roman* (lang verhaal), *roman* (soort vis)
- *voorspel* (vooruitskat), *voorspel* (wat voorafgaan)

Wat is 'n poliseem?

'n Poliseem is 'n woord of uitdrukking met meer as een betekenis (betekenis-onderskeiding) wat aan mekaar verwant is en binne 'n bepaalde semantiese veld val. Die verskynsel word polisemie (meerduidigheid) genoem. Polisemie is onderskeibaar van homonimie omdat die spelling van homonimiese woorde toevallig dieselfde is en die betekenis van homonimiese woorde gewoonlik onverwant aan mekaar is.

Die woord polisemie is 'n samestelling van die Griekse b.n.w. *πολύς* (polus), wat “baie, veel” beteken, en die s.n.w. *σημα* (sêma), wat “teken” beteken. Polisemie verwys dus na 'n teken (soos 'n woord, frase of simbool) wat meerduidige betekenis (betekenis-onderskeidings) het wat gewoonlik aan mekaar verwant is.

Voorbeelde van poliseme**kruin**

- Hy het tot by die kruin van die berg geklim.
- Sy het die kruin van sukses in haar loopbaan bereik.

sport

- Die leer se hoogste sport het gebreek toe hy daarop getrap het.
- Sy het die hoogste sport in haar loopbaan bereik.

voet

- Die huis is aan die voet van die heuwel geleë.
- Een van sy skoene maak sy voet seer.

In woordeboeke word 'n woord se polisemiese waardes as betekenis-onderskeidings van die bepaalde inskrywing of lemma aangedui. Byvoorbeeld in *HAT6* by die lemma “loop” word agt genommerde betekenisonderskeidings vir “loop” as w.w. en vyf genommerde betekenis-onderskeidings vir “loop” as s.n.w. aangegee. Daarenteen het homonieme (en homofone en homograwe) natuurlik aparte inskrywings as lemmas in 'n woordeboek juis omdat daar nie sprake van betekenisoreenkoms tussen die woorde is nie. 🌿

< Bronne op bladsy 16 >

Opsomming tabel			
	Uitspraak	Spelling	Betekenis
Homoniem	Dieselfde	Dieselfde	Verskillend
Homofoon	Dieselfde	Verskillend	Verskillend
Homograaf	Verskillend	Dieselfde	Verskillend
Poliseem	Dieselfde	Dieselfde	Verskillend maar verwant

I've been working in academic editing and grant-proposal writing in literary studies, higher education, medicine and biomedicine for some time now so I've a keen sense of my strengths and weaknesses. I'd say that grace, integrity and dignity in dealing with clients are key traits to have. Tenacity and the willingness to work on material that is not always intellectually stimulating are part and parcel of the language profession. I had to learn from the bottom up, which I believe is still the best way to go.

I would recommend going freelance if you can take the hustling in the early stages of a career and if you can live with an erratic income, especially at the onset. One, of course, also needs to have an entrepreneurial spirit. However, there is a lot to be said for gaining experience in the publishing or writing industries at the large publishing houses or research agencies and then going freelance when the time is right.

To relax after an intense day of editing I cycle, swim and walk, and I also enjoy attending recitals and choral performances. Maintaining a balanced cultural and family life and meeting professional obligations on time are not always easy, but I do my best to juggle both.

I find a good dictionary and academic trade books indispensable, as well as a very useful little guide entitled *The reader over your shoulder* (Robert Graves and Alan Hodge). I enjoy the chat group as it offers a platform to ask questions that pertain to work, disseminates information relevant to language practitioners and is a space to learn about the industry from more experienced editors. This is especially helpful when often, as a freelancer, one can feel alone.

Tenacity and the willingness to work on material that is not always intellectually stimulating is part and parcel of the language profession

I've worked as a freelancer for quite some time, but I am new to the organisation and realise I have a long journey ahead. To be affiliated with an organisation like PEG ensures that I have learning opportunities, am kept up to date with news and developments in the industry, and assures clients that I am not just 'winging it'. Where necessary, I have to re-learn the old and un-learn the bad. I have started out as an Associate Member, but will seek accreditation in the future as I mature as an editor and complete the relevant courses. To this end, I am grateful to have PEG as my professional partner. 🌱



<... aanhou van bladsy 8

(H is vir homonieme, homografe en homofone [en poliseme]: Bronne)

BRONNE

Carstens, W.A.M. 2011. 5e uitgawe. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

Luther, J. (uitg.) 2013. *HAT Taal- en feitegids*. Kaapstad: Pearson.

Luther, J., Pheiffer, F. en Gouws, R.H. (reds.) 2015. 6e uitgawe.

Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Kaapstad: Pearson.

Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2009. 10e uitgawe. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

Uys, I. 2015. *Afrikaans vir almal: Taalreëls, naslaanlyste en algemene kennis*. Kaapstad: Pharos.

Woordeboek van die Afrikaanse taal, deel 1 (1950) tot deel 14 (2013). Pretoria: Die Staatsdrukker en Stellenbosch: Buro van die WAT.

Kyk ook "Homonieme" en "Poliseme" by www.beterafrikaans.co.za en die Afrikaans Wikipedia se inskrywings vir "Homoniem" en "Homograaf".